# "PADTEKENS VAN DIE LEWE"

In Sondagoggend se erediens het ons op 'n eenvoudige manier probeer praat oor die padtekens van ons lewens. Juis omdat dit 'n kinderdiens was, het ons nie by elke punt in baie detail ingegaan nie, maar ons het tog nou hier die geleentheid om bietjie dieper te dink oor van die padtekens. Hier onder 'n verskeie padtekens, elk met 'n gedagte of 'n paar vrae.




Dit is belangrik (en nodig) om onsself soms tot stilstand te bring. **Hoekom is dit belangrik? Is daar kere wat ons tot stilstand gebring word deur die Here?** Indien wel, **hoe doen Hy dit? Wat is moontlike Sy doel daarmee?**



Kyk gou na die Ou Vertaling van Psa 1:1
1 Welgeluksalig is die man wat nie **wandel** in die raad van die goddelose en nie **staan** op die weg van die sondaars en nie **sit** in die kring van die spotters nie;
Kyk na die onderstreepte woorde – **sien u die stagnasie?** Eers wandel, dan staan, dan sit. **In hoe 'n mate is dit soos dit met ons ook is wanneer ons betrokke raak by verkeerde mense, gewoontes of dinge? Hoe word ons uit so tipe "stagnasie met die spotters" bevry?**



Lees die meer direkte vertaling van Psa 131 uit Hebreeus aan die regterkant van die bladsy. **Wat beteken dit om "by God te rus?"** Die Nuwe Vertaling het die ongelukkig die prag van die "gespeende kind" metafoor uitvertaal. **Wat (t.o.v.) rus staan vir u uit in dié Psalm?**

***PSALM 131***

'n Bedevaartslied. Van Dawid.
1 o HERE, my hart is nie hoog en my oë nie trots nie; ook wandel ek nie in dinge wat vir my te groot en te wonderbaar is nie.
2 Waarlik, ek het my siel tot bedaring gebring en stilgemaak; soos 'n gespeende kind by sy moeder, soos 'n gespeende kind is my siel in my.
3 Wag op die HERE, o Israel, van nou af tot in ewigheid!



Koos Dup se "Gebed" gee soveel woorde aan emosies wat ons elkeen baie kere al ervaar het. Dit is 'n gevoel van "verdwaald wees". Kom ons deel bietjie met mekaar 'n stukkie van ons harte – as u vrymoedigheid het, **vertel** die groep van 'n keer wat u iewers 'n afdraai pad gevat het en toe geestelik verdwaald gevoel het. **Vertel** ook hoe die Here u weer 'iewers kom haal het' (n.a.v. die woorde van "*Gebed*").

Watter ander **tipes tekens** is daar vir ons op ons pad na 'n ewigheid saam met God? M.a.w. **wat is die dinge in hierdie lewe wat ons help om op hierdie pad te bly?** Indien u bietjie sukkel om aan 'n paar te dink, hier's bietjie leiding vir die gesprek:

- Wanneer ons praat oor die pad waarop ons moet bly, watter rol speel 'n mens se **opvoeding** as kind m.b.t. vandag?
- In watter mate speel **moraliteit** (die stel waardes waarvolgens ons leef) 'n rol in ons "padhouvermoë"?
- Waar pas ons **gewete** in? Kan ons ons gewete as 'n "teken" beskou?